

Die wêreld het geregtigheid as 'n deug nodig

Nico Koopman*

Ons vier elke jaar op 20 Februarie die [Wêrelddag vir Maatskaplike Geregtigheid](#) “om pogings te bevorder om kwessies soos armoede, uitsluiting, werkskepping, geslagsgelykheid en toegang tot maatskaplike welstand en geregtigheid vir almal aan te spreek”.

Die woord wat vir my uitstaan is geregtigheid. Dit word soms as 'n visie en 'n ideaal beskryf, as 'n standaard en 'n waarde, as 'n verpligting, 'n plig en 'n reg. Maar geregtigheid is ook 'n deug. 'n Deug is 'n predisposisie, 'n neiging, 'n intuïsie om sonder voorafdenke 'n sekere manier te wees en so op te tree. Dit gebeur amper instinktief en bevat tot 'n sekere mate 'n element van onvermydelikheid.

Die Griekse woord vir deug, *arête*, verwys na die goddelike mag wat ons wel het om volgens goedheid op te tree. Deug het ook die dimensie van *habitus* wat beteken dit word in 'n proses van konsekwente en kollektiewe gewoontegedrag bekom.

Die Griekse filosoof Aristoteles het vier sogenaamde [hoofdeugde](#) – geregtigheid, matigheid/selfbeheersing, onderskeidingsvermoë/wysheid en moed/geesteskrag – geïdentifiseer. Eeue later het die Middeleeuse Rooms-Katolieke geleerde Thomas Aquinas drie teologiese deugde, naamlik [geloof, hoop en liefde](#), by hierdie vier gevoeg. Hierdie sewe deugde is interafhanklik. Geregtigheid word as die samekoms van alle deugde beskou. Op 'n sekere manier kan al die deugde as manifestasies van geregtigheid beskryf word.

As ons kyk na wat vandag in die wêreld aan die gebeur is, is dit duidelik dat ons geregtigheid as 'n deug nodig het. Sonder dit sal ons sukkel om gelyke ekonomiese, politieke en maatskaplike regte en geleenthede vir almal te skep – veral in Suid-Afrika met sy groeiende lys uitdagings. Die afgelope paar jaar het getoon dat ons teen die oormatige *en* ontoereikende gebruik van materiële dinge moet waak. Ons moet die deug van onthouding en matigheid kweek. Maar ons moet nog 'n stappie verder gaan en hierdie beginsel in al ons verhoudings en op alle lewensfasette toepas. Dit is waaroor 'n deugsame lewe alles gaan.

In 'n geglobaliseerde en soms tragiese wêreld waar miljoene nog smag na maatskaplike geregtigheid, het ons ook meer wysheid en onderskeiding tussen reg en verkeerd en goed en sleg nodig. Ten einde gelyke geleenthede vir almal te skep, moet ons kan prioritiseer, onderskei wat en wie op 'n gegewe tydstip aandag nodig het.

Ons het wysheid nodig om die dinge te kan onderskei wat werklik vir ons samelewing belangrik is. Na my mening is een van die redes waarom ons sukkel om maatskaplike geregtigheid vir alle Suid-Afrikaners te bewerkstellig, omdat ons daarin misluk het om met die nodige wysheid en onderskeidingsvermoë op te tree. Ons het gesien dat die persoon wat die beste ingelig is, nie noodwendig die wysste is nie.

Wysheid en onderskeidingsvermoë is egter nie genoeg om maatskaplike geregtigheid te bewerkstellig nie. Ons het ook moed nodig. Moed kom in buitengewone omstandighede na vore, soos in die weerstand teen Nazisme en apartheid. Maar dit is ook, selfs dalk meestal, nodig in die sogenaamde alledaagse gebeure en uitdagings, soos om aandag te gee aan die toestand waarin ons medeburgers hulle bevind wat sukkel om kop bo water te hou. Moed is nodig wanneer 'n morele “nee” vereis word, selfs al sê almal “ja”. Hierdie dapper mense, morele helde is nie net nodig in buitengewone omstandighede nie, maar ook wanneer ons die gewone alledaagse uitdagings moet hanteer.

Moed behels konkrete en aktiewe deelname, en ook volharding. In hierdie sin is moed gekoppel aan geduld. Geduld is die deug wat die meeste afgeskeep word in moderne samelewings waar die vlakke van verslawing aan hiperaktiwiteit baie hoog is. Ongeduld laat ons ons broers en susters wat ly en ons sorg nodig het, verlaat.

Regverdige mense is nie net objektiewe aanhangers van geregtigheid as 'n morele waarde wat hulle private en openbare lewe nie bepaal nie. Vir hulle is geregtigheid 'n beliggaamde, verpersoonlikde waarde wat amper intuïtief hulle manier van wees, lewe, besluitneming en optrede in hierdie wêreld bepaal.

Die [verskeie beskrywings van geregtigheid waarna samelewings strew om aan vas te hou](#), word beliggaam deur deugsame individue. Nuttigheidsleerteorieë oor geregtigheid stel 'n regverdige samelewing voor as een waar dit wat tot nut van die grootste aantal mense is, bereik word. Gemeenskapsleerteorieë oor geregtigheid is van mening dat solidariteit die deure na geregtigheid open. Gelykheidsteorieë bepleit gelyke toegang tot die mees basiese goedere vir alle mense, terwyl vryheidsteorieë die vryheid van veral individue beklemtoon om moontlikhede as die weg na geregtigheid te ontwikkel.

Wanneer ons die Wêrelddag vir Maatskaplike Geregtigheid vier, moet ons mekaar daaraan herinner dat die pleidooi van die kwesbaarstes en gemarginaliseerdes in ons samelewing prioriteit moet geniet in ons soeke na geregtigheid. Geregtigheid vir almal is waarna ons deurlopend moet strew. Deur aan geregtigheid nie net as 'n visie of verpligting te dink nie, maar ook as 'n deug, sal ons op hierdie pad help.

**Prof Nico Koopman is Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel by die Universiteit Stellenbosch.*